

18 Julie

God vernuwe ons van binne af deur sy Gees

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-33
Fokusgedeelte: Kolossense 3:18, 19**

Vrouens, wees onderdanig! Mans, julle moet liefhê!

Dit pas by mense wat glo. Geloof dat God nie ons sonde en misdade straf nie, maar uit liefde barmhartigheid toon en vergifnis skenk. Hy vernuwe ons van binne deur sy Gees. Ongelowiges is afgestomp en ly aan 'n onversadigbare drang na 'n vuil lewe. Hulle leef in haat en nyd, onvrede, misbruik van mag en selfsug. Waarom? Omdat hulle nie uit eerbied vir die Here aan mekaar onderdanig is nie (Ef 5:21).

Onderdanigheid aan haar eie man is die vrou se regte geloofsgesindheid. Sodoende erken sy God se liefde vir haar, maar ook vir haar man. Soos die kerk, so het ook sy deel aan die verlossing deur Jesus Christus. Sy liefdevolle Bruidegom-wees vir sy Bruidskerk is die bron van hulle onderdanigheid, gewillige gehoorsaamheid en diensbaarheid. Eerstens as gelowige onderdanig aan haar Here, daarom onderdanig aan haar eie man. Hy is haar beskermmer, opbouer, trooster, leidinggewer en voorloper. Deur haar man versorg God uit liefde die vrou.

Die man mag nie onregverdig heers oor sy vrou nie, maar moet ook aan haar onderdanig wees (Ef 5:21). Geen onderdanige man aan die Here sal die lewe bitter maak vir sy vrou nie. Hy sal haar dien, soos Christus die kerk kom dien het. Geestelik sal hy haar opbou in haar band met haar Here. Materieel is hy die verantwoordelike. Dissipline en orde heers waar die man wat die Here dien hoof is. Dan oefen hy so gesag uit dat die Here se seën hulle huweliksverhouding laat blom.

Sing: Skrifberyming 2-4 (33): 1

Dr. Callie Opperman (Windhoek-Suid)